

Sing vooraf staande: Skrifberyming 1-2:1, 3 (nuut)

- 1 Prys Hom, die Hemelvors, op sy verhewe troon;
loof Hom aan wie die hemelkoor hul hulde steeds betoon.
Aan Hom, die Skepperheer, kom toe die eer en mag.
Sy Woord het alles voortgebring – roem ewig sy gesag.
- 3 Lof, eer en heerlijkheid, die wysheid en die krag
behoort aan God daar op die troon en aan die Lam, geslag.
Tot in die ewigheid sal ons die lied laat hoor;
die hele skepping oraloor roep “Amen” in ’n koor.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 66:1 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

Vergifnis:

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Skrifberyming 15-7:1, 5, 6 (43:1, 5, 6)

- 1 Hy wat heilig en waaragtig / en omkleed is met gesag,
wat die sleutel dra van Dawid, / hoogheidsteken van sy mag –
daar is niks wat Hom kan hinder, / wat sy magsvermoë stuit,
wat kan sluit as Hy wil open, / wat kan open as Hy sluit.
- 5 Ek kom gou! Hou dan bestendig / wat my mond aan jou beloof.
Wees net waaksaam, en laat niemand / jou die eerkroon ooit ontroof.
Wie oorwin, hom sal’k bevestig: / as ’n suil sal hy verrys,
om daar nooit weer uit te gaan nie, / in my God se pragpaleis.
- 6 Op hom sal’k die Godsnaam skrywe, / onuitwisbaar sal dit straal,
met die naam ook van die Godstad / wat van God op aarde daal.
Daar skryf Ek my nuwe Naam ook, / waar hy draer van sal wees.
Laat wie ore het, dan luister / na die roepstem van die Gees.

Skriflesing: Kolossense 3

Teks: Kolossense 3: 20-24; Kategismus Sondag 39

**Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here
welbehaaglik. Vaders, moenie julle kinders terg nie, sodat hulle nie moedeloos
word nie. Diensknegte, julle moet jul here na die vlees in alles gehoorsaam wees,
nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar in eenvoudigheid van hart, omdat
julle God vrees. En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en
nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here die erfenis as vergelding
sal ontvang, want julle dien die Here Christus. (Kolossense 3:20-24 AFR1953)**

Die Here gee in hierdie hoofstuk ’n stel gesagsverhoudinge.

- Daar is 'n bepaalde gesagsverhouding tussen man en vrou.
- So ook tussen ouers en kinders.
- Presies dieselfde geld die owerheid en die inwoners van daardie land.

As mens net sommer vinnig na hierdie hoofstuk kyk, dan sal ons kan sê dat elke samelewing mos maar so lyk.

- Tog is in die gedeelte iets wat gesagstrukture soos wat dit hier gestel word, baie anders maak as gesagsverhoudinge soos wat dit onder ander volke wat ongelowig is, voorkom.
- Hierdie gesagsverhoudinge is almal op die Here se liefde, en op sy bevel gebou.
 - 'n Christen-pa leef anders teenoor sy kinders as 'n heidense pa.
 - 'n Christen-werknemer voel anders oor sy werkgewer as 'n heiden, en hy benader ook sy werkgewer totaal anders as 'n heiden.
 - Hy sien nie sy diensbaarheid as diens aan 'n mens nie.
 - Hy besef dat dit diens aan God is omdat God hom in hierdie situasie geplaas het om Hom daarmee te verheerlik.

Die verhouding word van twee kante af gebou. Ons gee aandag aan die volgende twee aspekte:

1. Die basis van gesag

2. Hoe onderwerp ons ons aan gesag?

1. Die basis van gesag

Die Bybel stel dit dat daar altyd twee partye in 'n gesagsituasie betrokke is.

- Een is altyd oor die ander – anders gestel: een is altyd onderwerp aan die ander.
- Dit is baie belangrik dat ons moet oplet dat al twee 'n verantwoordelikheid het wat teenoor die Here nagekom moet word.
 - Die Here se eis dat ons ons aan gesag moet onderwerp, praat nie net met die een wat in die ondergeskikte posisie is nie, maar ook met die een in die meerdere posisie.
 - Al twee moet hulle onderskeie posisies op so 'n manier beklee dat hulle aan die Here daarvoor verantwoording kan doen.

Die Bybel begin menslike gesagstrukture by die huisgesin – dit is die fondament waarop alle gesagstrukture gebou word.

- Ouers moet hulle kinders opvoed dat hulle lewe vir en tot God gerig is – hulle kinders moet opgevoed word asof God self hulle opvoed.
- Ouers moet dus hulle kinders deur die Heilige Gees lei om God die Vader en die Here Jesus Christus goed te ken en opreg lief te hê.

Die kind moet deur die opvoeding wat hy kry,

- die gesag van God leer ken en
- daarom ook daarin van kleins af leer om hom aan gesag te onderwerp.
- Letterlik alle gesag lê binne die gesigsveld van die vyfde gebod, want letterlik alle gesag word deur die Here oor ons beskik.

Onderwerping veronderstel die volgende beginsels:

- Die eerste is dat ons respek sal betoon in eerbewys teenoor die gesagsdraers wat die Here oor ons stel.
- Die tweede is dat ons met die mense wat hierdie gesag moet uitoefen, geduld moet hê, want hulle is ook soos ons gebroke mense deur die sonde.
- Die derde is dat onderwerping aan gesag ook gekoppel is aan die liefdesgebod.

Inderdaad is dit so dat liefde ook raakpunte het met trou en respek.

- Ons lewe in moderne tye waarin hierdie gesins- en gesagsbande al baie verflou het.
- Maar weet u dat die Here in die Ou Testament die doodstraf laat voltrek het oor 'n kind wat sy ouers vloek.
- Dit wys net hoe 'n hoë prioriteit die Here op 'n kind se aanvaarding van sy ouers se gesag en van sy respek teenoor hulle plaas.
- Die beginsel is dat God eis dat kinders die gesag van hulle ouers eerbiedig omdat dit van Hom af kom.

Die Here brei hierdie gesagsbeginsel uit.

- Hy toon aan dat daar meer gesagsverhoudinge is, en dat dit nie net kinders is wat in gesagsverhoudinge ingesluit word nie.
- In Romeine 13:1 en in 1 Petrus 2:17 toon die Here aan dat ons ook die owerheid moet eer.

As u dit in gedagte hou dat die spesifieke owerheid waarvan Paulus gepraat het, een was wat die Christene in baie groot getalle uitgeroei en doodgemaak het, sal u sien dat die aanspraak van die Here 'n baie groot inset vereis van diegene wat nie met die owerheid van die dag saamstem nie.

- Dit is natuurlik so dat die Here bepaalde maniere tot die beskikking van gelowiges stel om van die owerheid wat strydig met God se wil regeer, ontslae te raak, maar dit gaan nie in hierdie preek daaroor nie.

Die Here leer ons in 1 Petrus 2:17 dat ons

- almal moet eer,
- die broederskap moet liefhê,
- God moet vrees, en
- die koning moet eer.

Daar is in hierdie Bybelvers iets wat mens werklik bang maak, en dit is die feit dat die Here hier twee dinge naas mekaar stel:

- Om God te vrees, en
- om die koning te eer.

Die Here stel dit as twee gesagsverhoudings wat die een uit die ander een uit voortvloei.

- Die koning kry ook sy gesag van God af.
- Daarom sal hy sekerlik ook swaar rekenskap moet gee van die mate waarin die gesag wat hy uitgeoefen het, die beeld van God gedra het of nie.

Die Here brei gesag uit sodat dit die kerkraad ook insluit.

- Dink aan die bekende gedeelte in waar daar geskryf staan:
Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei in woord en in leer. (1 Timoteus 5:17 AFR1953)

God oefen sy gesag dus ook uit deur die mense wat Hy deur die gemeente laat verkies. Daarom moet hulle ook dienooreenkomstig geëer en gerespekteer word.

Dit gebeur dikwels dat mense aan gesag onderwerp word waarvan hulle nie hou nie, of wat in stryd is met alles wat vir hulle aanvaarbaar is.

- Dit beteken nie dat die Here ons dwing om aan gesag wat teen sy wil en sy eer ingaan, erkenning te verleen nie.
- Die Here leer dat almal wat diensknegte is onder die juk, hulle eie here alle eer waardig moet ag, sodat die Naam van God en die leer nie belaster sal word nie (1 Timoteus 6:1).

Dit staan baie sterk uit dat hier gepraat word van diensknegte onder die juk.

- Dit beskryf mense wat onder dwang aan hierdie gesag onderwerp moet bly.
- Nogtans vereis die Here van hulle erkenning van hierdie gesag solank as wat Hy dit oor hulle beskik.

Die woorde *hierdie leer* val mens ook op. Dit is gekoppel aan die Naam van God.

- *Hierdie leer* is letterlik die leer dat God gesag oor ons stel en dat ons hierdie gesag moet aanvaar en ons daaraan moet onderwerp – selfs al is die gesag nie volgens ons smaak nie.
- Dit is omdat die eer van die Here aan my optrede gekoppel is, en dat dit saak maak hoe ek reageer en optree teenoor gesag.

2. Hoe onderwerp ons ons aan gesag?

Onderwerping en gehoorsaamheid is verwant aan mekaar.

- Dit is nie dieselfde, maar dit is tog so dat onderwerping aan gesag juis is omdat jy aan die betrokke gesagstruktuur gehoorsaam is.
- Die Bybel trek self hierdie beginsel deur na al die dinge toe wat reeds in hierdie preek genoem is:
 - Kinders aan hulle ouers – Efesiërs 6:1.
 - Onderdane aan hulle owerheid – Romeine 13:1
 - Gemeente aan die ouderlinge – Hebreërs 13:17.

Hebreërs 13:17 lui so:

Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydschap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie. (Hebreërs 13:17 AFR1953)

Die teksvers raak nie net die gemeente wat moet luister wanneer die ouderlinge hulle vermaan om nie verkeerde dinge te doen nie.

- Die ouderlinge moet op hulle beurt ook weer hulle werk doen sonder om te sug.
- Die Here verwag van hulle blydschap en volle gehoorsaamheid in hulle roeping as dienaars in sy kerk.

Hierdie gebod het 'n toekomsseën wat aan gehoorsaamheid gekoppel is.

- Die Here sal jou dae verleng in die land wat Hy jou gee.
- Uiteindelik sien hierdie woorde op die ewige koninkryk van God.
- God seën dus die mense wat volhard in die aanvaarding van sy gesag.

Die saak van gehoorsaamheid aan gesag vra van elkeen van ons geweldige geloofsverdieping.

- Daarom moet ons elke dag bid vir wysheid en krag om te kan onderskei waar dit op aankom.
- Ons moet bid om op die regte manier gehoorsaam te wees aan die gesag wat oor ons gestel is.

Natuurlik beteken dit alles nie dat ons nie mag verskil van gesag wat oor ons gestel is nie.

- Ons mag verskil. Waar die gesag teen die eer van God ingaan, moet ons selfs weerstand bied.
- Maar dan moet ons uit die Bybel aantoon waar die gesag verkeerd is, en ook hoe dit beoefen moet word om reg te kan wees.

Ons moet bedag wees daarop dat in die laaste tye selfs gesagstrukture deurdrenk sal wees van kwaad en in baie opsigte gerig teen die eer van God. Maar dit was presies ook so in die tyd van die Romeinse regering.

- Onthou net dat opstand en revolusie nie die antwoord is nie.
- Die antwoord is dat ons moet kan onderskei waar dinge God tot oneer is.
- Ons moet dan hierdie dinge openbaar maak en daarteen getuig.
- Daarna moet ons hierdie gesag met die middele in ons hand beweeg tot beginsels wat Godbehagend is.
- Mens vervang gesagstrukture wat verkeerd is deur die middele wat God daarvoor tot ons beskikking stel.

Ten slotte moet ons net weer baie duidelik besef dat onderwerping aan gesag nie beteken dat ons nie daarteen moet getuig waar dit verkeerd is nie.

- Die Here Jesus self het sterk getuig teen alles wat in sy tyd verkeerd was – tog was Hy nooit teen die owerheid in opstand nie.
- Sy dood was ook in gehoorsaamheid aan God die Vader.

Die Here Jesus het wel gaan bid dat die beker – as dit kan – by Hom moet verbygaan.

- Maar toe Hy gevange geneem word, het Hy hom ten volle aan die wil van God onderwerp.
- Hy het gesterf sodat ons gehoorsaam kan wees.
- Dis ook waarom Hy sy Gees teruggestuur het om ons te lei in alle waarheid.

Kom ons lees saam wat in belydenis geskryf staan oor gesag in die Heidelbergse Kategismus Sondag 39:

104. Vr. Wat wil God in die vyfde gebod hê?

Antw. *Dat ek my vader en my moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou moet bewys en my aan hulle goeie leer en straf met gepaste gehoorsaamheid moet onderwerp (a) en dat ek ook met hulle swakheid en gebreke geduld moet hê (b), aangesien dit God behaag om ons deur hulle hand te regeer (c)*

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 149:1, 4 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 4 Selfs konings moet in kettings gaan, / en eedles, in die boei geslaan, / is magt'loos krygsgevangene.
Die eeu-oue oordeel word voltrek; / die HEER 't sy volk met roem oordek. / Loof Hom, my jubelsange!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 17 Oktober 2010

(a)

Ef 6:1, 2 Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg. Eer jou vader en jou moeder – dit is die eerste gebod met 'n belofte –

Ef 6:5 Diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus;

Kol 3:18 Vroue, wees julle mans onderdanig soos dit betaamlik is in die Here.

Kol 3:20 Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik.

Kol 3:22 Diensknegte, julle moet jul here na die vlees in alles gehoorsaam wees, nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar in eenvoudigheid van hart, omdat julle God vrees.

Ef 5:22 Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here.

Spr 1:8 My seun, luister na die tug van jou vader, en verwerp die onderwysing van jou moeder nie;

Spr 4:1 Hoor, julle seuns, na die tug van die vader, en luister om insig te leer ken;

Spr 15:20 'n Wyse seun verbly sy vader, maar 'n dwase mens verag sy moeder.

Spr 20:20 Wie sy vader of sy moeder vloek, sy lamp gaan in pikdonker dood.

Ex 21:17 En hy wat sy vader of moeder vloek, moet sekerlik gedood word.

Rom 13:1 Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel,

(b)

Spr 23:22 Luister na jou vader wat jou verwek het, en verag jou moeder nie as sy oud geword het nie.

Gen 9:24 Toe Noag van sy wyn wakker word en merk wat sy jonger seun hom aangedoen het,

I Petr 2:18 Diensknegte, wees julle here onderdanig met alle vrees, nie alleen aan die wat goed en vriendelik is nie, maar ook aan die wat verkeerd is.

(c)

Ef 6:4 Diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus;

Ef 6:9 En, here, doen dieselfde teenoor hulle en laat staan die dreigemente, omdat julle weet dat ook julle eie Here in die hemele is en by Hom geen aanneming van die persoon is nie.

Kol 3:20 Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik.

Rom 13:2, 3 sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang. Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeie dade nie, maar by die slegte. Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang;

Matt 22:21 Hulle antwoord Hom: Die keiser s'n. Daarop sê Hy vir hulle: Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom.

Laastens moet ons ook besef dat dit God behaag om elke vorm van gesag daar te stel soos dit vandag oor ons is. En teen sy wil kan niemand hom verset nie. Ons word deur die Here geleer wat die laaste dae sal gebeur en ook waarom. En daarom moet ons ook nie ongeduldig word met die dinge wat ons nie kan regmaak nie – solank ons ons net nie daarmee vereenselwig nie, maar lewend en met eer daarteen getuig.

Dit sal ons nie regkry met 'n optrede en gesindheid wat nie tot eer van God is nie, want dan getuig dit by die begin al dat onself nie in staat is om die beeld van God te vertoon nie. Maar 'n optrede wat vol is van geduld, en wat ook respek kan bewys vir dit wat wel reg is, kan wel verandering tot eer van God aanbring – MJdP